ORTHOTOUCH

Postnet Suite 634 Privaatsak X29 Gallo Manor 2052
Tel: 011 262 3833 ~ Faks: 011 262 2656

28 Junie 2016.

'N E-POS VAN DIE ONTVANGER

Geagte Dame/Heer,

Verder tot my e-pos van 12 Desember 2015 bring ek u graag op hoogte met betrekking tot sekere aangeleenthede wat in die gemelde e-pos vervat was.

1. REGSASPEKTE

1.1. Twee aansoeke was deur Geldenhuys, Cochrane en Vlok ("die Applikante") teen Orthotouch Beperk en andere (insluitend myself in my hoedanigheid as Ontvanger) geloots om:

- die bevel ingevolge waarvan die reëlingskema bekragtig was ter syde te stel of te herroep ("die reëlingskema"); en,

- aansoek te doen vir vervangende betekening.

1.2. My houding ten aansien van hierdie twee aansoeke was dat ek my sal berus by of uitvoering sal gee aan enige beslissing wat die Hof mag maak.

1.3. Die Hof het my beveel "to provide to the applicant's attorneys of record by no later than 6 June, 2016, a list of all persons who voted, whether in person or by proxy in favour of or against the approval of the arrangement".

1.4. Twee kennisgewings van voorneme om verlof tot appèl teen 'n deel van die uitspraak en teen die Hofbevel wat op 25 Mei 2016 verleen was, is geliasseer en die uitwerking van die Hofbevel word nou opgeskort hangende die uitslag van die appèl. Ek is van plan om te berus by die uitslag van die appèl soos ingevolge my oorspronklike onderneming aan die Hof.

1.5. Ek sal u op hoogte hou van verdere verwikkelinge ten aansien hiervan.

1.6. Met betrekking tot die aansoek deur Black en Cochrane om die Likwidasie- en Distribusierekening ingevolge die reëlingskema, ter syde te stel het ek aansoek gedoen vir deurhaling van hierdie aansoek as 'n onreëlmatige prosedurele stap. Black en Cochrane het kennis gegee dat hulle van voornemens is om my aansoek te opponeer.

Ek sal u ook ten aansien van hierdie aangeleenthied op hoogte hou van verdere verwikkelinge.

2. ALTERNATIEWE ONDER DIE REËLINGSKEMA

Ek het 'n tydrooster van Orthotouch Beperk se adviseurs ontvang ten opsigte van die notering van die Capital Growth Fund ("CGF").

Met alles inaggenome, word daar verwag dat die notering van CGF gedurende Augustus / September 2016 sal plaasvind.

Diegene van die HS Beleggers wat Alternatief 3 onder die reëlingskema gekies het sal mettertyd voorsien word van besonderhede deur Orthotouch ingevolge die betrokke wetgewing en ingevolge regulatoriese vereistes.

Die uwe

D P COHEN
ONTVANGER